agriculture,
forestry & fisheries

Department:
Agriculture, forestry & fisheries
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

TOESPRAAK LANDBOUSKRYWERS SUID-AFRIKA

Deur Dr Pieter Mulder

Adjunk-minister van Landbou, Bosbou en Visserye

Kieviets Kroon Pretoria

13 November 2009

Voorsitter
Dames en Here.

Dit is vir my ’n voorreg om vanaand hierdie besondere geleentheid saam met u te kan bywoon. Die jaarlikse erkenning wat Landbouskrywers SA gee aan boere en landboukundiges vir uitstaande prestasies in die landbou, het sonder twyfel gegroei tot een van die mees gesogte toekennings in die landbou vandag.

Ek verstaan dat dit vanjaar die 32ste keer is wat hierdie toekennings deur die Landbouskrywers gedoen word.

Om vandag 'n suksesvolle boer te wees in ons uiters mededingende landbou-omgewing, verg baie meer as net die begeerte om te boer. Behalwe vir landboukennis, verg dit finansiële kundigheid, produksie, meganisasie, bemarking, personeelbestuur en talle ander velde.

Ek is trots om te kan sê dat Suid-Afrika na my mening van die beste boere in die wêreld het. Ons boere moet onder baie moeilike omstandighede meeding op internasionale markte – meeding met boere van ander lande wat op groot skaal deur hulle regerings beskerm en gesubsidieer word. Daarom is dit net reg dat u erkenning gee aan hierdie boere. Om dan, te midde van al hierdie goeie boere, as die nasionale boer van die jaar aangewys te word, is voorwaar ’n besondere prestasie. By voorbaat my gelukwense aan die wenner vanjaar.

Wat is die regering se rol ten opsigte van landbou?

Ek glo dat ’n regering ten alle tye daarteen moet waak om te regstreeks by landbou, en veral kommersiële landbou, betrokke te raak. Waar die regering wel ’n belangrike rol moet speel, is as dit oor navorsing, oor landbou-inligting, oor infrastruktuur, oor veiligheid en sulke sake gaan. Vir te lank al word hierdie sake in Suid-Afrika afgeskeep. Daar is geen manier hoe Suid-Afrikaanse boere kan voortgaan om internasionaal te kompeteer, as daar nie meer aandag aan hierdie sake gegee word nie ten einde ’n landbou-vriendelike omgewing te skep nie.

Ten einde hierdie landbou-vriendelike omgewing te help skep, is die rol wat deur Suid-Afrikaanse navorsers, en deur ander landboukundige persone gespeel word, van die uiterste belang. So 'n vriendelike omgewing en die landboukennis wat voortvloei uit die bydraes van hierdie persone maak dit vir boere makliker om sukses te bereik.

Deur ook 'n toekenning aan die landboukundige van die jaar te maak, gee u erkenning aan die belangrikheid wat hierdie kundiges in Suid-Afrika speel. Baie geluk met hierdie inisiatief. Ek glo dat die Landbouskrywers met hierdie inisiatief die kundigheid wat beskikbaar is, wil aanmoedig en ontsluit tot voordeel van alle landbouers. Veral die nuwe toetreders tot die landbou het hierdie kundigheid baie nodig om die probleme wat hulle ondervind, te help oplos. Die opkomende boere moet dikwels onder baie moeilike omstandighede daarin slaag om van bestaansboerdery oor te skakel na kommersiële boerdery. Daarom is dit net gepas dat u sedert 2005 ook 'n toekenning maak aan die opkomende boer van die jaar.

The new, more realistic approach of the Department of Agriculture, Forestry and Fishing, acknowledges that commercial farmers and emerging farmers are some of the most important role players to make a success of agriculture in South Africa. The hard reality is that successful emerging farmers are necessary for political stability and commercial farmers are needed for food security. The great challenge in the next number of years will be to find the right balance between these role players.

Food security was one of the agenda issues at the recent G8 Summit in Italy. Suddenly food security is world-wide again being placed on the political agenda when the future is being discussed. Anyone who talks about food security in South Africa and excludes commercial farmers, is unrealistic and does not know what they are talking about. I also see my appointment as Deputy Minister in this light and I am trying to play as positive a role as possible in the interest of the whole farming community of South Africa.

With regard to land it remains an emotionally charged topic. I personally believe that the government is looking for the answer in the wrong position by placing the blame

on the willing buyer-willing seller principle. Many of the problems and frustrations can be resolved through concrete steps taken in the relevant department.

Om dit erger te maak het die minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming, mnr. Gugile Nkwinti onlangs op Vryheid in KwaZulu-Natal gesê: “We have seen what happened in Zimbabwe, it will happen here because land is a key question in liberation”.

Die Minister het ook daarna verwys dat die regering nie oor genoeg geld beskik om grond by boere te kan koop nie en dat grondhervorming as gevolg daarvan daaronder lei. Die onafwendbare afleiding wat hieruit deur die Suid-Afrikaanse landbougemeenskap gemaak word, is dat die Minister Zimbabwe-tipe grondhervorming onbewustelik aanmoedig. Dit is tot niemand in Suid-Afrika se voordeel nie.

Die dreigement van minister Nkwinti, dat Zimbabwe se grond- en plaasbesettings in Suid-Afrika herhaal kan word, is onverantwoordelik en skep groot onsekerheid in die landbougemeenskap.

Regardless of these comments on land, I find in the debates of government concerning land and the attainability of certain land targets, more realism at present than in the past. The fact that the government acknowledges that 49% of the transferred land projects have failed and that it might be necessary to postpone the target date from 2014 to 2025, is part of this new realism. For the first time it appears as if the economic realities are starting to catch up with the ideologies and unrealistic theories. This does not mean that great uncertainties and emotional debates about land will not ensue, but I am at least convinced that for the next five years there will not be a direct repetition of the Zimbabwe land situation in South Africa.

Daar is tans ’n sekere skeptisisme by die breë publiek oor die media en veral oor die koerante. Dit hou verband met die Joost en Steve en Malema sages waarvan ons daagliks moet lees. Miskien hou dit ook verband met die verwarrende mediabeeld wat joernaliste van mnr Zuma geskep het. Wie en hoe is mnr Zuma werklik? vra die lesers. Hulle verwys dan na rubriekskrywers se snedige rubrieke oor mnr Zuma

tydens sy korrupsiehofsake en vergelyk dit met lofredes deur dieselfde joernaliste oor mnr Zuma se eerste honderd dae as president.

As die publiek skepties is oor die media en oor joernaliste is die eerste fout natuurlik dat so maklik veralgemeen word en alle joernaliste oor dieselfde kam geskeer word. Daar is baie briljante joernaliste waarvan baie vanaand hier teenwoordig is. Ek glo wel dat beter opleiding en meer professionaliteit by sommige joernaliste van hierdie probleme kan oplos. Vir veertien jaar het ek die voorreg gehad om as dosent in Kommunikasiekunde joernaliste op te lei. Ek glo dat ons saam daaraan kan werk om die algemene standaard van joernalistiek in Suid-Afrika steeds verder te verbeter. Hoekom is dit belangrik? Omdat daar by Polokwane en deurlopend dreigement van die regering se kant kom dat die media strenger gereguleer moet word. Foutlose en professionele joernalistiek is nodig ten einde te voorkom dat die regering redes kry om mediavryheid in te perk. Dit sal ’n kwade dag en ’n besliste tree agteruit vir steeds ’n baie broos en ontwikkelende demokrasie wees.

Aan die ander kant glo ek dat die Suid-Afrikaanse publiek meer begrip vir die werking van die media asook meer waardering behoort te ontwikkel vir die groot mate van mediavryheid wat ons steeds in Suid-Afrika geniet. In meeste Afrikastate is dit steeds ’n misdaad om gek te skeer met politici en word kritiek dikwels gelyk gestel aan hoogverraad.

As I said -- one of the big problems today is stereotyping and generalising. Generalising is always wrong – whether it is of journalists or of farmers. I experience it in parliament, in cabinet and in the media.

An example of this is the statement that all emerging farmers fail. This is a generalisation which is projected onto everyone, while there are many successful emerging farmers as we see tonight.

As a result of exactly the same kind of generalizations, commercial farmers in South Africa are still too easily seen as part of the problem and not part of the solution. It relates especially to one-sided media and propaganda perceptions which are created when there is conflict or a racial incident on a farm somewhere. It is then unreasonably projected onto all farmers. The fact that agricultural leaders and

organised agriculture sharply criticise and condemn such incidents is ignored in favour of generalisations that all farmers are selfish, all farmers oppress other people and all farmers exploit other people. My experience in recent times was exactly the opposite with farmers in fact willing to help wherever they can.

As ek na die grondwet van die Landbouskrywers SA kyk, is dit duidelik uit die doelstellings van die vereniging dat dit daarop gerig is om ’n beter omgewing vir die landbou te skep waarbinne boere die maksimum sukses kan behaal. Van die spesifieke ideale wat u stel is om binne die raamwerk van ’n vrye en onafhanklike pers te werk, die bevordering van die landbou deur opbouende en verantwoordelike joernalistiek asook die strewe om ’n beter verstandhouding tussen die boer en die verbruiker daar te stel. Hiermee kan ek myself ten volle vereenselwig. Ek dink ook dat u met ’n aand soos hierdie, en met die toekennings wat nog gemaak gaan word, ’n groot bydrae maak om die doelstellings in u grondwet te bereik.

Aan al die kandidate wat vanaand hier teenwoordig is, elk wat reeds ’n wenner in sy of haar onderskeie provinsie en streek is – dankie vir u toewyding aan die landbou. Dit bly ongelukkig dat daar net een wenner in elke kategorie kan wees. Aan die Landbouskrywers SA sê ek dankie vir vanaand en vir u belangrike bydrae om Landbou se beeld in Suid-Afrika te verbeter. Aan al die wenners vanaand dra ek by voorbaat my gelukwense oor.

ooooOOOOoooo